# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

9 Februarie 2024 Uitgawe: 4/1/2024


## UIT DIE KANTOOR

**Beheerliggaamverkiesing:**

**Vroeër die week het u 'n kennisgewing ontvang rakende die komende Beheerliggaamverkiesing wat sal plaasvind op 7 Maart 2024. Daar moet vir ses (6) ouers gestem word. Belangstellendes kan nominasievorms vanaf 19 Februarie by die skoolkantoor kom afhaal. Dit sal ook via D6 versprei word. Vergewis u asb. deeglik van hoe hierdie nominasieproses moet verloop. Vir enige navrae is u welkom om die kantoor by 051 522 1371 te skakel.**

**Hitte en voorkoming:**

Met die ondraaglike hitte die afgelope paar dae is hitte-uitputting baie moontlik, daarom herinner ek ouers om asb. vir hul kinders genoeg water, voedsel en veral sonbrandroom in te pak vir wanneer hulle in die middae sport beoefen. Ons het 'n baie besige buitemuurse program en kinders is reeds vanaf 2uur tot dikwels na 5 nog besig met sport. Die somerprogram is volstoom aan die gang, maar daar is ook reeds spanne wat begin met die wintersportsoorte. Monitor asb. u kind se toestand gereeld.

Ek doen 'n beroep op ouers om kinders die geleentheid te gee om te besluit waar hul betrokke wil raak en hul nie te dwing om aan alles deel te neem nie, maar eerder te fokus op sekere buitemuurse aktiwiteite. Soos belowe in vorige skrywes, sal daar voor die aanvang van elke nuwe seisoen 'n sportvergadering met ouers gehou word waar alle tersaaklike inligting gedeel gaan word.

Die volgende twee sportvergaderings met ouers vind soos volg volgende week plaas:


| | |
|---|---|
| **Dinsdag, 13 Februarie:** | **Netbalvergadering – Skoolsaal (17:30)** |
| **Donderdag, 15 Februarie:** | **Rugbyvergadering – Skoolsaal (17:30)** |

Indien u kind betrokke is by hierdie sportsoorte, sal dit goed wees as u hierdie vergaderings sal kan bywoon.

Baie geluk aan al ons Tjokkie-atlete wat Dinsdag aan die Sone A kompetisie deelgeneem en baie goed presteer het. Dit was lekker om al ons Tjokkies te sien deelneem wat telkens "NET HUL BESTE" gegee het. Uitslae is aangeheg.

**Valentynsdag:**

Alhoewel Valentynsdag tradisioneel op 14 Februarie plaasvind, vier ons dit Vrydag, 16 Februarie. Omrede die kinders egter nog klein is, lê ons baie klem op naasteliefde en omgee vir mekaar. Dit is ook een van die hoogtepunte van ons leerderraad op hul jaarkalender. Ondersteun asb. hul inisiatief met valentynsgeskenkies wat gedurende pouses verkoop gaan word. Leerders kan op hierdie dag gewone klere dra. Kyk gerus op Karri wat alles bestel kan word.







## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 9-11 Febr.: | Senior Koor koorkamp |
| | o/9 Rugbyproewe |
| 12 Febr.: | Finkom vergadering |
| 13 Febr.: | Netbal ouerinligtingsvergadering |
| 14 Febr.: | Intergala met Willem Postma **(dus geen swemoefening by skool)** |
| 15 Febr.: | Rugby ouerinligtingsvergadering |
| 16 Febr.: | Valentynsdag |
| | Gr. 7 Dansopleiding |
| | o/11 & o/13 Rugby te Landboudal |
| | SVS  o/13 Hokkieproewe |

# VERJAARSDAE



10 Febr.: Juf. Ursula Helberg (Gr. 7)

11 Febr.: Juf. Valmari Coetzee (Gr. 4)

11 Febr.: Juf. Blanché Truter (Gr. R)

# UITSLAE

**SWEM**

**Uitslae van Tjokkies Swemgala**

| | |
|---|---|
| **Victrix Ludorum:** | Lisa Ferreira |
| **Victor Ludorum:** | Corné Liversage |
| **Beste Multi-Class:** | Luan Potgieter |
| **GSF Beste Dogterswemmer:** | Vida-Ani Markgraaff |
| **GSF Beste Seunswemmer:** | Ludwig Niemann en Danelo Vermeulen |

**Nuwe rekords opgestel in die Multi-class afdeling:**

Luan Potgieter (Seuns 13 jaar)
- 50m en 100m Borsslag
- 50m en 100m Vryslag
- 50m en 100m Rugslag

**ATLETIEK**

**Sone A Kampioenskappe**

82 atlete het deelgeneem aan die Sone A byeenkoms op 6 Februarie.

Tjokkies behaal 12 $1^{ste}$ plekke, 15 $2^{de}$ plekke en 14 $3^{de}$ plekke.

56 atlete (agt meer as 2023) kwalifiseer om aan die Motheo/Xhariep kampioenskappe op 23 Februarie deel te neem.

BAIE GELUK!

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

Klaagliedere 3 vers 21-25

Ek sluit aan by ons stukkie van verlede week oor hoop in moeilike omstandighede en ook by die tema van liefde, siende ons volgende week die week van liefde vier.


Dit is egter belangrik om te onthou waar ons fokus moet wees en vers 25 gee vir ons hiérdie aanduiding:
KLAAGLIEDERE 3:25 AFR83
[25] Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra;

Die Skrif belowe as jy tot God nader, sal Hy ook tot jou nader. Mag jy vrede vind in elke dag se genade wat opnuut aan jou toegedeel is as jy God eerste soek.

Gebed:

Here, dankie dat U God is. Dankie dat U liefde en ontferming vir ons oneindig is en elke môre nuut. Here, wees asseblief in hierdie week met elke Tjokkie, elke onderwyser en elke ouer. Gee vir elkeen die geskenk van liefde en U vrede, sodat ons die lewe in oorvloed kan ervaar.

Amen



# VOORTREKKERS




Tjokkies, in samewerking met die Voortrekkers, gaan die Choc-kinderkankervereniging ondersteun! Koop 'n plakker teen R12 en trek Vrydag, 23 Februarie, jou 'flip flops' saam met jou skoolklere aan. Aankope sluit op 19 Februarie.

Kom ons los omgeespore op hierdie dag met ons 'flipflops'!

# VALENTYNSWEEK

Liewe Ouers

Tjokkkes hou Valentynsweek van 12-16 Febr. 2024. Valentynsweek se tema is Liefdeslense - Hoe kan ons ander raaksien om intensioneel ‘n goeie vriend/vriendin te wees? Vriendskap is om die lewe saam te doen en te beleef. Dit is so goed om saam met ander te lag, pret te hê, hartseer te wees, bekommernisse te deel, die potensiaal in mekaar raak te sien, en op die ou end net jouself te wees en om ander toe te laat om hulleself te wees.
Om geskenke van waardering te gee, is net een van die baie uitbeeldings van vriendskap. Die geskenkie-verkope is tydens langpouse en daar is liggie-balle, beertjies, slym, hangertjies, notaboekies, yo-yo's, lazers, funky socks, lekkergoedpakkies en nog vele meer. Daar is nie uitdeelhouers by die kantoor nie, elke Tjokkie deel sommer self sy geskenke uit vir sy/haar mede-Tjokkie.

Die kombo op Vrydag is beskikbaar teen R16.
Die onderwysers gaan ook die Bybelopenings in die oggend baseer rondom: Hoe om ander raak te sien met die oë van Jesus en so ‘n goeie vriend te wees.

Ons is opgewonde oor hierdie week, waar ons die waarde van omgee en vriendskap gaan vier!

Vriendelike groete, die Leerderraad 2024









# Tjokkies-ITEC Gholfdag


## *10 Mei 2024*

## *Schoemanpark*

***Tjokkies Preprimêr bied die dag aan en nooi graag besighede/ouers wat vir bemarkingsdoeleindes 'n bof/setperk wil borg of 'n 4-bal span wil inskryf.***

Kontak gerus Sanet by die Preprimêre Skool

051-522 3628 (vm)



# KAALVOETKAFEE

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):
082 612 7756
E-posadres:
kaalvoetkafee@tjokkies.co.za

## SNUFFELS

**Gesoek:**

Tweedehandse selfoon om oor te neem.  Kontak Hennie: 079 126 5326

